Die **nagedagtenis** van dié wat reg gedoen het, **leef** voort

Dr Annie Antonites

Ek het in 2017 kennis gemaak met Karel Landman en sy monument. As kind het ek met Voortrekker-geskiedenis grootgeword, en ek was trots op my algemene kennis van die Groot Trek en sy mense. Maar die ontdekking van die vreemde beton aardbolmonument in die Oos-Kaap het my laat besef dat ons heldefigure stil-stil besig is om uit ons kollektiewe geheue te verdwyn.

Foto: Karel Landman-monument
Fotograaf: Riana Mulder

Die reaksie van mense wat ek gretig van dié monument vertel het, was dieselfde as myne: Wie was Karel Landman?

Die beesboer van Olifantshoek

Karel Pieter Landman (1796–1875) was een van die belangrikste rolspelers tydens die Groot Trek. Vanaf die Voortrekkers se sogenaamde "krisisjaar" in 1838 tot in 1842, toe hul toekoms nog onseker was, het hy 'n toonaangewende rol gespeel. Een op die slagvelde van Bloedrivier en die Wit-Umfolozi, daarna as bemiddelaar met die Britse bevelvoerder in Port Natal, en in die regering en administrasie van die Republiek van Natal.

Hierdie kleinseun van 'n VOC-vryburger was 'n suksesvolle beesboer uit Olifantshoek (soos die Alexandria-omgewing in daardie tyd bekendgestaan het) in die Oos-Kaap. Naas 'n groot beeskudde het hy ook met skape en bokke geboer; hy het koring, gars en hawer gesaai. Anders as ander Voortrekkers, het hy naby die see gewoon en waarskynlik dikwels in die see gaan swem of visvang.

In sy boek *Leiers na die Noorde* skets prof CFJ Muller 'n blywende prentjie van Karel Landman as mens – eerlik, vasberade, godsdienstig, berekend, veelsydig. Hy was konserwatief en versigtig – moeilike besluite is sorgvuldig oorweeg, en hy het nie van sy standpunte afgewyk nie. Aantekeninge in sy Bybel, wat in die Voortrekkermuseum in Pietermaritzburg bewaar word, toon dat hy hom veral in die Ou Testament verdiep het. Hy was klaarblyklik 'n familiemens en het sy ma versorg tot met haar afsterwe.

Op trek

Aanhoudende grensgeskille en ontevredenheid met die Britse owerhede het groot spanning op die Oosgrens veroorsaak. Landman ly 'n swaar finansiële verlies ná sy huis tydens die Sesde Grensoorlog (1835) afgebrand en van sy vee gebuit is. 'n Petisie aan sir Benjamin D'Urban wys dat naas die besittings wat hy in die brand verloor het, sy groot voorraad botter ook in die slag gebly het. Alhoewel hy aanvanklik nie wou trek nie, het al hierdie gebeure hom finaal van plan laat verander. Op 41-jarige ouderdom het hy, sy vrou en hul kinders saam met ongeveer 180 Trekkers die Oos-Kaap agtergelaat en hul oë op Natal gefokus. Met Lukas 9 in sy gedagtes, het Landman sy groep gemaan om nie op trek te gaan en dan later terug te verlang na die vleispotte van "Egipte" (oftewel Olifantshoek) nie.

Prof Muller skryf verder dat toe Landman vroeg in 1838 in Natal aankom, *was goewerneur Retief en honderde ander Trekkers reeds dood, Piet Uys sou spoedig daarna sneuwel in die hinderlaag by Italeni, terwyl Hendrik Potgieter as gevolg van verwyte oor dié slag Natal vir goed verlaat het. Daarna sterf 'n reeds siek Gerrit Maritz terwyl verdere terugslae die Trekkerlaers tref. Dit was te midde van hierdie skokke dat Landman tot leierskap geroep is.* In Junie 1838 word hy as hoofkommandant verkies. Hy was tweede in bevel onder Andries Pretorius op die Wenkommando – waar hy gereeld die godsdiens gelei het – en dus ook by die deurslaggewende Slag van Bloedrivier.

Karel Landman-monument

Die 100-jarige herdenking van die Groot Trek in 1938 het 'n herlewing in Voortrekkergeskiedenis teweeg gebring, en dit is seker ook nie toevallig nie dat 'n Oos-Kaapse Voortrekkerbaken juis toe voorgestel is. Die gemeenskappe van Alexandria en Paterson het gereken dat die nageslag van Olifantshoek se Voortekkers op so 'n wyse tot die geskiedenis gebind sou wees. Mnr Jannie Scheepers van die plaas *Swartvlei* het 2,5 ha grond geskenk wat ongeveer 25 km van Alexandria op die pad na Port Elizabeth geleë is, en as Kolrand bekend staan. Meer as 800 mense het die hoeksteenlegging van die Karel Landman Voortrekkergedenksteen (soos dit toe genoem is) op 16 Desember 1938 bygewoon.

Die monument is deur Gerard Moerdijk ontwerp en bestaan uit 'n 5 m breë beton aardbol, met 'n wa en osse wat bo-oor Suid-Afrika trek. Moerdijk se bedoeling met dié uitbeelding was om die positiewe aspekte van die Voortrekkers se bekend- en oopstelling van die binneland te beklemtoon. Die oprigting van die monument en voetstuk is deur die Lupini-broers van Johannesburg teen £450 voltooi. 'n Bekende Italiaanse kunstenaar en vriend van die Lupini's, Cavalierre Giovanni Fasciotti, het na Suid-Afrika gekom om te help met die monument se versierwerk. Die monument is op 16 Desember 1939 onthul en die geleentheid is deur ongeveer 1 000 mense bygewoon.

'n *Feeshuis* is later opgerig aangesien daar 'n behoefte aan 'n permanente geboutjie op die terrein was. In die boek *Die Karel Landman Voortrekkermonument, 1938-1988* skryf prof MJ Swart hoe die verrigtinge tydens die inwyding op 9 Oktober 1965 verloop het. Afgesien van die vlagparade, feesrede en seremoniële oopsluit van die gebou, is daar ook *vleis, wors en verversings verkoop; moes die massa van 'n koek, 'n doekpoeding en van 'n skaap geskat word, en die naam van 'n Voortrekkerpop geraai word. Die pop se naam was Agatha, die naam van Karel Landman se vrou.* Die feeshuis word vandag nog gebruik.

Gelofte- en Krugerdagfeeste by die monument was 'n hoogtepunt op die omgewing se kultuurkalender en het 'n belangrike rol in die voortbestaan van die terrein gespeel. Die sukses van die Karel Landman-monument sou nie moontlik gewees het sonder die volgehoue betrokkenheid en toewyding van die Oos-Kaapse Alexandria- en Paterson-gemeenskap nie – wat gesamentlik as bewaarders opgetree het, fondse ingesamel het en erfenisbewustheid aangemoedig het.

Getalle van besoekers aan die monument het later jare afgeneem en die moontlikheid dat die terrein in onbruik en verwaarlosing sou verval, het 'n toenemende realiteit geword. Die Geloftefeeskomitee het die Erfenisstigting genader vir hulp, en uiteindelik is eienaarskap van die monument in 2012 aan die Erfenisstigting oorgedra. Hierdeur is die langdurige bewaring van die monument verseker. Vandag word die monument in samewerking met die bestaande feeskomitee bestuur en kan ons voortbou op die woorde uit Spreuke 10 verewig op die monument se hoeksteen – *Die nagedagtenis van die regverdige is tot seën.*

In 2018 herdenk ons 180 jaar na die aflegging van die Gelofte – waar Karel Landman teenwoordig was. 80 jaar gelede is die hoeksteen van die Voortrekkermonument en die Karel Landman-monument gelê. Kom ons gebruik juis hierdie besondere gedenkjaar om Voortrekker-geskiedenis opnuut te leer ken en te waardeer.

(Diegene wat die Erfenisstigting en Voortrekker-monument wil ondersteun, kan Marelize Swanepoel kontak by 012 326 6770.)